

Skrifgedeelte: Jeremia 14:1-22

Fokusgedeelte: Jeremia 14:22

U gee uitkoms by berou en bekering

Om in die greep van 'n ramp te wees, is uitmergelend vir almal. Ons lees van die aanbreek van 'n droogte wat bydra tot grootskaalse verwoesting van die land. Jeremia worstel met die feit dat die volk die Here verlaat het. Hulle eer nie meer sy heilige Naam nie. Hulle dien die dooie afgode van Kanaän. Die Here stel dit duidelik: mense moet Hóm volg, nie Hy vir hulle nie, en Jeremia moet Gód se woorde vir hulle blý bring.

Die gesprek tussen die Here en Jeremia verloop in hierdie gedeelte soos volg: 14:1-6 – Jeremia beskryf die droogte; 14:7-9 – Jeremia pleit dat die Here hulle nie sal verlaat nie; 14:10-12 – Die Here is hulle nie meer goedgesind nie; 14:13 – Jeremia kla oor die misleidende boodskap van die vals profete; 14:14-17a – Die kwaad wat hulle doen, sal op hulle eie koppe afkom; 14:17b-22 – Jeremia bars in tranes uit oor die afgryslike toestand van die volk.

Droogte en pessiëkte laat almal ly. Die Here beskik die droogte. Die droogte teken die toestand van die volk in hulle verhouding met God. Daar is 'n groot droogte en ellende in hulle godsdienste. Soos die volk se verhouding met die Here verswak, só val alles al hoe meer uitmekaar, en raak hulle oë ook dof, want daar is niks meer wat hulle geestelik kan voed nie. Jeremia bely dat hulle sonde tussen hulle en die Here kom staan het. Hy pleit dat die Here sal optree ter wille van sy heilige Naam om dié herhalende sondes weg te neem, om weer die Hoop van Israel, die Redder in tye van nood te wees soos in die verlede.

Die Here se geduld is op. Hy roep die voorwaardes van die verbond in herinnering en eis rekenskap. Jeremia moet nie vir hulle voorspraak doen nie, want die Here sal nie na hulle luister nie, selfs al bring hulle offers of smeekbedes. Die Here se besluit staan vas dat Hy met oorlog, hongersnood en pes 'n einde aan hulle sal maak. Die vals profete insinueer dat die profesie 'n vals boodskap van die Here is. Hulle beweer dat die Here vir hulle blywende voorspoed sal gee in die land. Daarmee klink hulle soos die teoloë wat net van voorspoed uit die hand van die Here praat met geen oordeel of rekenskap vir hulle dade nie.

Die kwaad wat hulle gedoen het, sal op hulle eie koppe afkom. Hulle sal sterf deur oorlog, hongersnood en pessiëktes. Jeremia bars in tranes uit weens die lyding wat hy moet aanskou. Oral is slagoffers van die verwoesting. Het die Here Juda dan heeltemal verwerp het, of walg Hy aan sy mense? Hy worstel met die finaliteit van God se oordeel, en kan eintlik nie aanvaar dat dinge nie weer beter sal raak nie. Hy erken dat hulle opstandig was, dat hulle gesondig het, ook namens die voorgeslagte, en vra dat die Here hulle nie moet verwerp nie. Hy herinner die Here aan die verbond en vra dat die Here dit nie sal prysgee nie! Hy is die enigste God wat die wêreld kan versorg, dié Een op Wie hulle met hulle hele hart kan vertrou.

Ons dank ons Hemelse Vader wat ons geloofsdroogte tot 'n einde gebring het deur die lewende water in Jesus Christus vir ons te gee. Satan se grootste wapen, die dood, word hom ontnem as Jesus uit die dood opstaan. Jeremia herinner ons dat ons dade altyd gevolge het. Ons verhouding met God het 'n impak in die toekoms, daarom moet ons daagliks aan Hom vasgryp en Hom eer. Hy is die heilige God wat saam met ons gees bid as ons nie meer weet wat en hoe om te bid nie. Ons moet luister na die Woord en hoor dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28). Hou vas aan die Lewende God. Ons leer dat ons nie met God, Christus en sy Gees onnadenkend en godsdienstig slordig kan leef nie. Geloof en lewe moet met mekaar ooreenstem. Ons denke, doen en late het alles te make met ons verhouding met die Here en met mekaar. Die Here se uitkoms is reeds aan die gebeur en sal in Christus se wederkoms finaliteit bereik.

Sing: Psalm 23-1: 2

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)